

Hoofstuk van die dag: Johannes 15

> *Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. (vers 12)*

Uit Jesus se woorde in Joh 15 is dit duidelik dat die vrugte wat ons moet dra (vers 1-7) as lote van die ware Wingerdstok,

liefde is. In hierdie paar verse kom die begrip _liefhê_ altesaam 9 keer voor, sodat ’n mens dit net nie kan mislees nie, en boonop word die opdrag dat ons moet liefhê, 5 keer gegee in hierdie verse. Maar dan is dit nie sommer gewone liefde nie; dit is liefde soos die Here Jesus vir sy dissipels het, liefde soos die Vader vir die Here Jesus het (vgl vs 9, 12).
Hoe lyk hierdie liefde dan?
Dit lyk vir my, as ek hierdie gedeelte reg verstaan, dat hierdie liefde nie in die eerste plek iets is wat ’n mens doen nie, maar ’n ingesteldheid, ’n lewensbenadering wat jou daartoe dryf om dinge te doen. Miskien is ’n goeie woord hiervoor “deernis”. Christus se liefde is gekenmerk deur ’n deernis vir ons. Dit het Hom uitgedryf na ons om ons te kom red.
Dit is hierdie soort liefde wat Hy ook van ons vra. Dit moet ons uitdryf om mekaar te help, by te staan, te ondersteun. Of wat sê jy?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026